# Opspraakwekkende nuwe boek

# Mosaïek van mense

*Ontmoetings wat my denke en lewe radikaal verander het*

Nico Smith
Prys: R124,95

**Verkry 'n unieke insig in die lewe van verskeie prominente Suid-Afrikaners en internasionale figure wat 'n besonderse bydrae wêreldwyd gemaak het.**

Vanaf Afrika tot Europa en verder het uiteenlopende mense die afgelope ses dekades oor wyle Nico Smith se pad gekom. Sommige ontmoetings was eenmalig, ander is feitlik lewenslank voortgesit.

Dié mosaïek van mense was die stormvoëls wat vreesloos stelling ingeneem het teen ongeregtigheid. Dit is ook hulle wat nie kans gesien het om méér te doen as om in die binnekamers te fluister nie, en dié vir wie volk en kultuur onafskeidbaar van kerk en teologie was. Dan is daar ook diegene buite die Afrikanerkring wat die eerste vlammetjie van twyfel by die jong sendingsekretaris aangesteek het.

Oor hierdie ontmoetings en gesprekke skryf Smith nou volledig, nie om met die grotes wat hom by die naam geken het te smous nie, maar om 'n beduidende geskiedenis op te teken. Dit is enersyds die geskiedenis van 'n enkeling wat halfpad deur sy lewe die moed gehad het om om te draai en stroomop te swem en andersyds die geskiedenis van sy mense wat verkneg geraak het aan 'n ideologie – en daardeur ander verkneg het.

BM
BYBEL-MEDIA

Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: 0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA
e-aankope: www.bybelmedia.co.za